

LES 2

Fokus: Lees en vertel.

Nota: Die betekenis van die woorde word gegee maar daar mag steeds heelwat leiding benodig word.

Wanneer 'n mens Afrikaans praat, word daar dikwels woorde gebruik wat uit 'n ander taal geneem is (b.v. geut, heuning) sonder dat mens weet of dink waar die woorde vandaan kom. Daarom is Afrikaans so kleurvol!

2.1 Kyk mooi na die woorde wat volg. Ken jy hulle?

- * **Karoo** (woestyn)
- * **Gariiep** (groot)
- * **Gamka** (gam = rivier; ga = leeu → Gamkarivier = Leeurivier)
- * **Abba; kerie; karos; gora** [watergat] (name van gebruike en artikels)
- * **Griekwas** (bruin persoon met Hottentot voorgeslag)
- * **Tarka; Prieska; Garies; Knysna** (name van dorpe)
- * **Gogga; geitjie; oribie** (name van diere / insekte)
- * **Karee; dagga; boegoe** (name van plante)



Afrikaans het hierdie woorde gekry by die Boesmans (deel van die Khoisan-groep) wat aan die Kaap gebly het toe Jan van Riebeeck daar aangekom het in 1652. Hulle afstammeling is die Griekwa, Khoikhoi en Nama.



Die Nederlanders het hulle Hottentotte genoem omdat die taal wat hulle praat vol klik-klak geluide is.




- * Kies enige vyf van die woorde in 2.1. Skryf hulle neer en maak 'n sin of 'n paar sinne met elkeen. Vertel waarom jou sin / sinne gaan.



2.2 Kyk mooi na die woorde wat volg. Ken jy hulle?

* pa[n]sella (gratis / present)	* kaia (woning / slaapplek)
* indoena (raadsman; impi[e]leier)	* lebôla (betaling vir bruid)
* impi[e] (groep Zoeloe soldate)	* mamba (slang)
* donga (sloot)	* maroela; tambotie (bome)
* tsetse (soort steekvlieg)	* aikôna (is nie so nie)
* sjieba (bykos)	* kiesa (misreën)
* poetoe (krummelpap)	* indaba (vergadering / 'n saak)

Afrikaans is ook gekry by verskillende swart stamme (o.a. Zulus en Xhosas) wat van die vroegste tye af in Suid-Afrika gewoon het.



2.3 Kyk mooi na die woorde wat volg. Ken jy hulle?

baie (veel)	aia (bruin / swart vrou)	nooi / nôi (meisie)
tamaai (baie groot)	sosatie (stukkies vleis op stokkie)	bobotie (maalvleisgereg)
borrie (spesery)	piering (ronde houer onder koppie)	blatjang (dik kruiesous)
doepa (medisyne)	katjeepering (naam van blom)	pondok (klein woning)

Daar is ook Afrikaanse woorde gekry by die Maleierslawe wat in Jan van Riebeeck se tyd in mense se huise en tuine gewerk het. Na 'n paar jaar, is die slawe vrygestel en het hulle vryburgers geword. Vandag woon vele Maleiers veral in die Bo-Kaap in pragtige helderkleurige wonings en bied hulle elke jaar die Kaapse Klopse in die Kaap aan as Nuwejaarsviering. Gebruik die internet om meer uit te vind oor hierdie viering.



Maleierhuise in die Bo-Kaap



Kaapse Klopse



Slawe nadat hul vrygelaat is




Hedendaagse koor



Een van die mees bekende Maleiers in Suid-Afrika is die kunstenaar, Taliep Petersen, wat 'n groot bydra tot die Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf gelewer het.

Gebore: 1950

Oorlede: 2006



2.4 Kyk mooi na die woorde wat volg. Ken jy hulle?

neut	Mei	my	bruilof
heuning	reis	rys	doring
meul	fee	vee	gerf
geut	fier	vier	harsings
deur	koning	woon	botter
seun	voor	somer	skottel
vrou	hoender	skouer	pakasie

Daar is ook baie Afrikaanse woorde gekry by die Nederlanders (Hollanders). Die meeste woorde wat vandag nog in Afrikaans gebruik word, het van Nederlands af gekom.




Jan van Riebeeck kom in die Kaap aan en maak kennis met die Khoisan wat daar gewoon het.



Tradisionele kleredrag



Jan van Riebeeck se vrou, Maria de la Quellerie



- 2.5 * Kyk mooi na die woorde wat volg. Ken jy hulle?
- * Langs die Afrikaanse woorde word dieselfde woorde in Frans, Engels en Duits gegee. Kan jy die ooreenkoms tussen die woorde sien?
- (Die betekenis van die woorde word nie hier gegee nie, en hulp mag veral met die volgende opdrag nodig wees).

AFRIKAANS *die / 'n	FRANS *le / la	ENGELS *the	DUITS *die / der / das
bek/snawel	bec	beak	schnabel
fabel	fable	fable	fabel
plan	plan	plan	plan
fasade	façade	façade	fassade
omelet	omelette	omelet (te)	omelett
minuut	minute	minute	minute
monumentaal	monumentale	monumental	monumental

- * Begin by die Afrikaanse kolom en lees dan hardop elke woord ook in Frans, Engels en Duits. Moenie bekommerd wees dat jy dit verkeerd gaan sê omdat jy nie die ander tale kan praat nie!
- * Sê die woorde net hardop en luister hoe dit vir jou klink. Vra gerus hulp indien jy vashaak.

GROOT PRET Nê!



Verbind die syfers. Kleur jou voltooide prentjie in. Watter woord in die kolomme hier bo, pas hierby?

